# DANKBARE HERINNERINGE

HAND 17:1-12; 1 TESS 1:1-10

1. DEURE GAAN TOE EN OOP
Paulus-hulle het **nie lank tyd gehad** om in Tessalonika die evangelie te verkondig nie. Nadat 'n hele klompie mense daar tot bekering gekom het, moes hulle vlug vir hulle lewe. Daar was nie eers kans vir 'n afskeidspreek nie! Dit het gelyk asof daardie **deur** vir hulle toe gegaan het. Hulle het seker gewonder **hoekom?** Maar hulle **het nie** op 'n *hopie* gaan sit, hulle *bedanking* by God ingedien, of Hom *verwyt* nie. Hulle het eenvoudig op *ander plekke en ander maniere* met hul taak voortgegaan. Trouens, toe hulle daarna in Berea kom, het hulle gevind dat die mense daar **ontvankliker** vir die evangelie was as diegene in Tessalonika! (17:11) En al kon Paulus dit nie meer **waag** om persoonlik na Tessalonika toe te gaan nie, het hy vir hulle **twee briewe** geskryf om hulle verder te onderrig en te bemoedig. (Gelukkig kan ek dit na 28 jr darem weer waag om terug te keer Worcester toe waar my vorige gemeente was!)

**Constantia-gemeente se omstandighede** is vandag baie anders as toe ek hier gekom het. Dit is hoofsaaklik die gevolg van die **afname in Afrikaanssprekende**s in die omgewing. Vir ons en vir die gemeente breek daar 'n nuwe era aan. Laat ons nie op 'n hopie gaan sit nie, maar uitkyk vir nuwe geleenthede. Paulus se voorbeeld wys ons kan die Here ook op **ander plekke** en **ander maniere** dien as in die verlede. Die **brugpredikant** sal julle DV help om agter te kom hoe en waar.

2. DIE GEMEENTE KRY 'N GOEIE GETUIGSKRIF
Soos in Paulus se geval, sal ek ook altyd met **groot dankbaarheid** aan julle dink: Hy skryf in :2 *"Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink."*
Daar is **drie goed** wat hy uitsonder waarvoor hy die Vader dank wanneer hy aan hulle dink: Hulle **geloof, liefde en hoop**. Dit is die drie **kernwaardes** waarom dit vir ons as christene gaan, nie waar nie (1 Kor 13:13); die **kenmerke** waaraan elke christen en christengemeente uitgeken behoort te kan word: geloof, hoop en liefde. Dit is 'n **pragtige getuigskrif** wat hy van hierdie jong gemeente gee.

2.1 Let op dat hy verwys na die **WERK van hulle geloof**. Hulle geloof het duidelik nie net uit *woorde*, uit 'n *mooi belydenis* bestaan nie. Dit het tot uiting gekom <u>in dade</u>. Meer as **80% van SA se inwoners** sê hulle is christene – as almal net maar soos christene <u>gelewe</u> het! 'n Mens is altyd jammer oor die lidmate wat *nie die eredienste gereeld bywoon* nie, want dit laat 'n mens dan *wonder* of hulle werklik gelowiges is. Ander van ons woon dalk weer die eredienste *gereeld by*, maar **doen ook maar nie** wat die Woord sê nie. Kom ons hou die volgende **in gedagte** wat ek iewers gelees het (Bulletin):
*"Die diens op Sondag is nie die <u>hoogtepunt</u> van die week se bediening van die gemeente nie, maar die <u>beginpunt</u> van die lidmate se bediening vir die res van die week. Daar word hulle toegerus om al die soekendes, treurendes, moedeloses en verlorenes te gaan opsoek en te bedien met die hoop van die evangelie – dit wat hulle Sondag geleer het, waartoe hulle opgeroep en waarvoor hulle bemoedig is."*
(Aangehaal uit: *Ja! Vir Sending* van Chris Visser)
Vandag wil ek **nie negatief** wees nie. Ek wil die Here **dank** vir die gelowiges wat deur die jare lidmate van hierdie gemeente was wie se **dade getuig** het - en steeds

getuig - van hulle geloof! Hulle was en is vir my as leraar ’n **groot inspirasie**. Ons **sal vorentoe** nog steeds uitgedaag word om ons geloof in die praktyk toe te pas. Ons sal moet *besluit*: <u>Vertrou ons die Here genoeg om dit te waag om Hom te gehoorsaam?</u>

2.2 Tweedens verwys hy na die **INSPANNING van hulle liefde**. Ek het al gesien hoedat ’n **ouer** hom of haar uit liefde afsloof vir kinders, of hoedat ’n **kind** vir ’n siek ouer opoffer. (Lied: *“He ain’t heavy, he’s my brother”)* Nogtans is dit nie aldag *maklik* om lief te hê nie. Liefde soek na die *beste belang van ander*. Liefde *help sonder* om iets terug te verwag. Ek het meermale **omgee-in-aksie** beleef terwyl ons hier was. Hierdie gemeente het haar ook by tye **ingespan** om bv fondse in te samel uit liefde vir die Here en sy saak. Dit kos ook nogal soms inspanning om op ’n *kerkraad te dien, hospitaalbesoek te doen, IY toe te gaan, kategese te gee, kampe en kursusse en jeugaktiwiteite te reël.* Ek het baie keer hier beleef hoedat mense dit gewilliglik, met groot persoonlike opoffering en natuurlik sonder geldelike vergoeding of veel erkenning doen. Dit **getuig van** liefde vir God en hul naaste. Mag ons in die t**oekoms steeds** voortgaan om liefde te *gee* en te *doen*, al vra dit inspanning en selfverloëning. <u>DIT is waaraan die wêreld sal sien dat ons dissipels van die Here Jesus is.</u>

2.3 Paulus het nog iets by die Tessalonisense raak gesien en waardeer: **die VOLHARDING van hulle hoop op ons Here Jesus Christus**. Hulle *omstandighede* was nie maklik nie. Ek herinner u aan wat met *Paulus self* gebeur het toe hy daar was. Uit die res van Paulus se twee briewe aan hulle is dit ook duidelik dat hulle verwag het dat Jesus baie *gou weer* sou terugkeer. Dit het **langer geneem** as wat hulle aanvanklik verwag het. Ten spyte van dit alles het hulle *nogtans volhard* in hulle hoop. Die **vooruitsig** het hulle hulle huidige moeilike omstandighede help verduur en te bowe help kom.
Ek het **tydens my bediening** in Constantia met baie **hartseer** te make gekry. Dit was altyd vir my ’n voorreg om te sien hoedat mense *ondanks* alles nie hoop verloor nie. Ons hoop is **nie op ’n mens** of ’n party of ’n belegging gevestig nie – dit is tydelike en feilbare fondamente – maar op GOD. *Mense* kom en gaan en stel teleur, **maar God** is ewig en getrou. <u>Ons kan op Hom bly hoop, al is die toekoms onseker</u>!

3. HULLE GETUIENIS NA BUITE
Die waarde van so ’n lewe soos wat Paulus hier beskrywe, is dat dit ook ’n **voorbeeld en inspirasie** is vir ander. *“So het julle ’n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje.”* (:7) Daar het ’n **getuienis** van die gemeente uitgegaan. Die oorspronklike woord vir “verkondig” is die woord waarvan ons woord “eggo” ook afgelei is. Hulle het die evangelie wat aan hulle verkondig is, ge-“eggo” sodat ander dit ook kon hoor. Hulle het **ander aan die praat gesit**. *“Het julle gehoor”,* het hulle seker vir mekaar gesê, *“in Tessalonika is daar nou ook christene. Hulle dien nie meer die afgode nie, maar vir die lewende en ware God. Hulle sien ook nou uit na Jesus se terugkoms!”* (1:9,10) Sonder dat hulle daarvoor gesoek het, was hulle *“the talk of the town”*.

**Constantia is lank nie meer** op mense se lippe nie. Tog gaan daar ook van hierdie gemeente ’n **getuienis** uit. Hierdie gemeente **verstaan al hoe beter** dat sy nie daar is net vir haarself en haar eie voortbestaan nie. Ons **visie** om Eden deur die krag van Jesus te help herstel, het nie net betrekking op ons eie lidmate nie. Daarom ondersteun ons ’n hele paar **sendelinge** in ons *Jerusalem*, maar ook in *Judea en Samaria* en tot in die *uithoeke* van die wêreld. Daarom het ons ’n paar **uitreikaksies** o.a. na België en

die Transkei en ook plaaslik onderneem; lewer ons liefdesdiens by Westlake en was ons betrokke by D P Marais, Betesda, Groote Schuur en Victoriahospitaal en die Polisiestasies en Badisa en ondersteun ons sinodale werksaamhede in die binne- en buiteland finansieël.
In die **tyd wat nou voorlê**, sal julle as gemeente belangrike *besluite* oor die gemeente se toekoms moet neem. Dit sal julle voor *toetse vir geloof, hoop en liefde* stel, maar mag die **boodskap** wat van Constantia uitgaan, **altyd positief** wees. Mag buitestaanders se kommentaar ook wees soos die psalmis wat gesê het: *"Hoe goed, hoe mooi is dit as broers (susters) eensgesind saamwoon!"* (Ps 133:1) Dan volg daar 'n belofte: *"Waar broers so saamwoon, skenk die Here sy seën..."* (:3).

4. SY ONTVANGS IN DIE GEMEENTE
Een van die dinge waaroor Paulus skryf dat die ander mense gepraat het, was die manier waarop die Tessalonisense **hom ontvang** het. Ek wil u ook vandag nms my en my gesin weer eens **bedank** vir die wyse waarop julle ons in die gemeente ontvang het. Ek het **in die plek van** 'n baie besondere persoon hierheen gekom, maar julle het my nooit die gevoel laat kry dat ek in Izak de Villiers se s*kaduwee* leef nie. Dankie vir julle **vertroue**. Ek kon my ten volle uitleef en dit is seker hoekom ek in die hele 28 jr **nooit gewens** het ek kon hier wegkom nie. Hier was altyd weer *nuwe uitdagings, geleenthede en moontlikhede* om te ondersoek en op te volg. Julle het my gehelp dat die bediening altyd vir my *opwindend, interessant en bevredigend* was. (Theunis) Ek hoop dat daar in die toekoms nog **dieselfde openheid vir verandering** sal wees. Verandering, nie ter wille van verandering nie, maar ter wille van die evangelie. Moet asb **nooit sê**: "*Maar ds Theron het dit so gedoen nie,"* want ds Theron was vir seker ook **nie van plan** om dit vir altyd so te bly doen nie...

5. SY BEDIENING
(Huisbesoek in George ... wat kom maak jy nou eintlik hier? – wat het ek nou eintlik hier kom maak?)
Paulus gee in 1 Tess 2:10 -12 so 'n **mooi beskrywing** van sy bediening teenoor die Tessalonisense: (lees). Ek dink dit is waarop **my strewe** deur die jare ook neergekom het: Om *elkeen* – vanaf die kansel en tuis en in die hospitaal, op kampe en kursusse, op vergaderings, waarookal – te *bemoedig* en *aan te spoor* en *op die hart te druk* <u>om tot eer van God te lewe</u>.
Dit is dan ook **my laaste beroep** as julle predikant op julle: Dat julle deur 'n **geloof** wat doen, 'n **liefde** wat nie terugdeins voor inspanning nie en deur **volhardend te hoop** <u>**leef tot eer van God**</u>**!**
Soli Deo Gloria – aan God alleen die eer!

Amen.
Afskeidsboodskap: 29 Jan 2012